STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

**AMPTELIKE KENNISGEWING:**
INLIGTINGSVERKLARING IN VERBAND MET ERF 235, TANS BEKEND AS VAN DER STEL SPORTKOMPLEKS, STELLENBOSCH

## 1. DOEL

Om die voorgeskrewe inligting ingevolge regulasies 34 en 35 van die Bateoordragregulasies, gepubliseer ingevolge Artikel 168 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansies (R878, 22 Augustus 2008), aan die publiek te verskaf om insette te lewer tydens die Openbare Deelname proses.

## 2. AGTERGROND

Stellenbosch Munisipaliteit is die eienaar van Erf 235 waarop Van Der Stel Sportkompleks geleë is.

Stellenbosch Munisipaliteit bestuur tans die fasiliteit. Die fasiliteit is ten volle omhein en bestaan uit 2 rugbyvelde, 1 sokkerveld, 2 krieketvelde, 1 hokkieveld en 1 swembad. Ander geriewe op die perseel sluit 'n paviljoen met 'n sitplek van 1250, toilette, kleedkamers, funksie lokale, klubhuis, stoorkamer en 'n afgebakende parkeerarea in.

Ook geleë op Erf 235 is Stellenbosch Rolbalklub sowel as Stellenbosch Tennis- en Muurbalklubs.

## 3. BESPREKING

### 3.1 Proses vir openbare deelname

Voordat die Raad 'n finale besluit kan neem of regte op munisipale eiendom oorgedra kan word, moet die Munisipale Bestuurder eers 'n openbare deelnameproses ingevolge die Bateoordragregulasies, Regulasie 35, uitvoer.

### 3.2 Inligtingverklaring

Ingevolge Regulasie 35, wanneer die Munisipale Bestuurder die voorstel maak om die relevante langtermynreg(te) vir die potensiële verhuring van die Van der Stel sportfasiliteit toe te staan, moet die Inligtingsverklaring waarna in Regulasie 34 verwys word, in die openbaar geadverteer word.

Ingevolge Regulasie 34 moet 'n Inligtingsverklaring uit die volgende bestaan:

a) Die rede vir die voorstel om 'n langtermynreg toe te staan om die betrokke kapitaalbate te gebruik, te beheer of te bestuur.

b) Enige verwagte voordeel vir die munisipaliteit wat mag voortspruit uit die toekenning van die reg.

c) Enige verwagte opbrengs wat deur die munisipaliteit uit die verlening van reg ontvang sal word; en

d) Enige verwagte wins of verlies wat deur die munisipaliteit gerealiseer of aangegaan sal word as gevolg van die toekenning van die reg.

**3.2.1 Rede(s) vir die voorstel om 'n langtermyn gebruikersreg toe te staan om die Van der Stel Sportfasiliteit te gebruik, te beheer of te bestuur**

a) Die daaglikse bestuur en instandhouding van die verskillende munisipale sportfasiliteite vereis toegewyde instandhoudingspersoneel en instandhoudingsfondse om die operasionele lewensvatbaarheid van hierdie fasiliteite te verseker. Tans beskik die Stellenbosch Munisipaliteit nie oor die vereiste operasionele infrastruktuur om hierdie standaard van diens te lewer nie.

b) Die behoorlike instandhouding van die Van der Stel Sportfasiliteit is in die beste belang van die Raad en die Stellenbosch Sportgemeenskap.

c) Die bestuur en benutting van die sportfasiliteit as 'n sentrum van uitnemende diens aan die sport- en sakebedrywe bied aan die munisipaliteit 'n geleentheid om die Van der Stel sportfasiliteit selfonderhoudend te maak in terme van sy instandhoudingsvereistes sowel as bykomende infrastruktuurinvestering, soos en wanneer nodig.

d) 'n Professioneel bestuurde fasiliteit het die potensiaal om nuwe kliënte, nuwe sportkodes en internasionale sporttoeriste na Stellenbosch te lok.

**3.2.2 Verwagte voordele vir die munisipaliteit wat mag voortspruit uit die toekenning van die regte**

a) Die bestuur en ontwikkeling van die Van der Stel sportfasiliteit sal besparings op instandhoudingskoste en personeel tot gevolg hê, en terselfdertyd die breër Stellenbosch gemeenskap van 'n wêreldklas sportfasiliteit voorsien.

b) Die optimale benutting van die eiendomme kan addisionele inkomste vir die munisipaliteit lewer wat die munisipaliteit in staat kan stel om die eiendomme op 'n aanvaarbare standaard te herstel en in stand te hou.

c) Die professionele bestuur van hierdie fasiliteit kan potensiële beleggers lok.

d) Moontlike kapitaalinvestering sal die fasiliteit verbeter en die diensaanbiedinge aan potensiële kliënte verhoog.

e) 'n Professionele bestuursmaatskappy sal aangestel word.

f) Die fasiliteit sal die vermoë hê om wêreldklas sportmanne en -vroue te lok.

g) 'n Fasiliteit van internasionale standaard sal meer sporttoeriste na Stellenbosch lok.

h) 'n Inkomste by Van der Stel sportfasiliteit sal gegenereer word wat gebruik kan word om ander sportfasiliteite binne Stellenbosch op te gradeer en in stand te hou (WC024).

**3.2.3 Verwagte opbrengs wat deur die Munisipaliteit ontvang sal word uit die toekenning van die regte**

a) Die munisipaliteit sal 'n maandelikse markverwante huurinkomste vir die eiendomme ontvang en 'n winsdelingsooreenkoms oor nie-sportgeleenthede en aktiwiteite onderhandel

b) Gemeenskapsgebaseerde sport sal toegang tot die verbeterde sportinfrastruktuur by Van der Stel gewaarborg word.

c) Ekonomiese aktiwiteite sal aangemoedig en gestimuleer word. Daar sal 'n geleentheid wees om sporttoerisme te stimuleer.

**3.2.4 Verwagte wins of verlies wat deur die munisipaliteit gerealiseer sal word as gevolg van die toekenning van die regte**

a) Waardevolle bates in die eienaarskap van die munisipaliteit sal opgegradeer word teen geen of 'n verminderde koste vir die munisipaliteit.

b) Die geboue sal behoorlik en voldoende onderhou word in ooreenstemming met aanvaarbare standaarde, sonder enige koste vir die munisipaliteit.

c) Minder finansiële druk op die munisipaliteit se kapitaal- en bedryfsbegrotings.

d) Stimulus van ekonomiese aktiwiteite vir die sportgemeenskap.

**3.3 Ligging en konteks**






### 3.4 Publieke kommentaar

Die publiek word genooi om insette/kommentaar aan die munisipaliteit te lewer oor die voorstel om 'n huurooreenkoms (met 'n geskikte entiteit) aan te gaan om die Van der Stel sportkompleks te gebruik vir die primêre funksie van sport, maar ook vir ander geleenthede met die doel en optimale gebruik van die geboue op die terrein.

Kommentaar moet die kantore van die Munisipaliteit bereik voor of op **15 Desember 2022** en moet aan die Munisipale Bestuurder gerig word. Kommentaar kan per e-pos aan Municipal.Manager@stellenbosch.gov.za gestuur word of by die 3de Vloer, Hoofkantoor, Pleinstraat 17, Stellenbosch afgelewer word.

Enige navrae kan gerig word aan Mnr Albert van der Merwe by (021) 808 8164 of per e-pos by Albert.vandermerwe@stellenbosch.gov.za.

**GERALDINE METTLER**
**MUNISIPALE BESTUURDER: STELLENBOSCH MUNISIPALITEIT**
**DATUM: 14 NOVEMBER 2022**